PASTORALE BERADINGSKURSUS

WANNEER DIE LIGGAAM REBELLEER

DIE VERNIETIGENDE INVLOED VAN ONDERLIGGENDE

STRES, VERLIESE EN PYN

SATERDAG 6 AUG – POTCHEFSTROOM

Liggaamlike probleme en veral kroniese en terminale siektes is in talle gevalle die uitvloeisel van ’n proses wat reeds ver terug in die verlede begin het. Hierdie aspek word in hierdie kursus in diepte geëksploreer aan die hand van ’n groot verskeidenheid van praktiese voorbeelde soos bespreek enersyds deur Dr Oakley Ray (farmakologie) en andersyds die medikus, Dr Gabor Maté (sy boek: *When the body says no*). Die navorsing toon dat onverwerkte trauma en negatiewe emosionele ervarings sedert kinderjare uiteindelik die funksionering van ons brein en ook ons biologie kan verander – die fisiese gevolge kan dus dramaties wees. Talle persone het opgegroei te midde van emosioneel arm verhoudings waar daar geen erkenning gegee was aan hul diepste behoeftes nie en op die langtermyn moes dit alles onderdruk word ten einde emosioneel te kon oorleef. Uiteindelik het dit gelei tot isolasie en stres wat mettertyd ’n al groter tol in hul liggame geëis het. As gevolg van stres en spanning oor jare heen is die immuunsisteem gewoonlik dan ook tot so ’n mate afgetakel dat daar geen weerstand meer is nie. Wanneer so ’n persoon se gees en emosies dan êrens ’n breekpunt bereik selfs na baie jare, dan manifesteer dit baie dikwels deur middel van die diagnose van een of ander siekte (sonder om te impliseer dat dit die enigste oorsaak van siektes is).

Teen hierdie agtergrond word in hierdie kursus ten slotte ’n verskeidenheid van pastorale riglyne geformuleer waarvolgens onderdrukte emosies, onverwerkte pyn en verliese asook emosionele armoede geïdentifiseer en deurgewerk kan word. Op hierdie wyse open dit dan die deur tot heling en vryheid in die emosionele, fisiese en geestelike dimensies vir diegene wie se lewensverhale op hierdie wyse geraak was.

Plek: Studente Hervormde Kerk – Silwer str 19, Potch (net langs klein kragstasie)

Datum: Saterdag 6 Aug 2022 – sluit in verversings en sleutelnotas

Tyd: 08.00 – 13.00

Akkreditering: 10x VBO punte - 4x CPSC punte – ook AFM PCD akkreditasie

GPS koördinate: Suid: 26.41.590 - Oos: 27.5.079

Koste: R300 pp (egpare: R500)

Handleiding te koop - opsioneel: R150 (posgeld ekstra)

Om te bespreek: U moet vooraf die nodige fooie inbetaal by:

Capitec spaar rek: 1487438425 - takkode: 470010

Rek naam: Prof WC Coetzer (bevestig dan asb daarna per e-pos)

Navrae: 0836600409 of 0825778810 of e-pos: wentzelc@gmail.com

Hierdie kursus sal ook via Zoom aangebied word op Woensdagoggend 10 Aug tussen 09.00 - 13.00. Die koste hiervoor sal R250 pp wees en R400 per egpaar. Die skakel om te registreer is die volgende:

https://forms.gle/__tz5ZnLY3qzaHhVxb9